LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 33
19 Oktober 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers



Kleurvolle Karakter 2018

OMGEE

Sjoe, die jaar het verby gevlieg en ons is reeds in die laaste pylvak!
Ons het laasweek ons OMGEE pilaar afgeskop met Mev Izienne van Jaarsveld wat vir ons meer kom vertel het van OMGEE en ook oor die kanker ondersteuningsprojek, Pink Trees for Pauline, wat natuurlik ‘n pragtige voorbeeld van OMGEE is. Dankie Izienne!

Daar is nou pienk OMGEE sleutelhouers te koop teen R5 by Mev Linda van Wyk. Ons moedig die leerders aan om al 6 die sleutelhouers te koop. Daar wag ‘n baie spesiale verrassing vir leerders wat deursettingsvermoë en toewyding getoon het gedurende die jaar en al 6 die sleutelhouers versamel het. Die tyd raak nou min!

Waarvoor staan die pilaar van OMGEE?

Iemand wat OMGEE doen die volgende:

1. Is lief vir ander mense om hom/haar.
2. Is lief vir hom/haarself.
3. Sê altyd “asseblief” en “dankie”.
4. Help mense en diere in nood.
5. Vergewe ander.

Kom ons bou saam aan ‘n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

BEGROTINGSVERGADERING 2019
Neem asseblief kennis dat die begrotingsvergadering wat 29 Oktober sou plaasvind verskuif word na 9 November 2018 om 13:00 in die skoolsaal. Die vergadering gee elke ouer 'n geleentheid om deel te wees van die bespreking en goedkeuring van die 2019-begroting. Die begroting is by die kantoor beskikbaar vir besigtiging.

Volgens wetgewing moet 'n skool se begroting deur die ouers goedgekeur word. Alle ouers moet dus teenwoordig wees vir die goedkeuring van 2019 se begroting. Neem die geleentheid aan om u inset tot die bedryf van Laer Volkskool te lewer.

Die begroting is by LVS kantoor vir u ter insae.

OPEDAG, VRYDAG, 26 OKTOBER 2018
Presiese gegewens oor die dag, sal nog aan u deurgegee word. Gee solank die boodskap deur aan voornemende nuwe leerlinge se ouers om die dag oop te hou.

Nuwe koshuisouers: 08:00 – 09:00
Nuwe Graad 1 leerlinge: 09:00 – 11:00
Nuwe Graad 1 ouers: 12:00 – 13:00

Ander nuwe 2019 leerlinge se ouers is ook welkom om 12:00 by die verrigtinge aan te sluit.

KLAS- EN SPORTFOTO'S
Bestellings vir die **Klas- en Sportfoto's** kan by die onderskeie afrigters geplaas word. **Bring asseblief die bestelling met die korrekte bedrag.**

Die volgende foto's is beskikbaar:

10 x 13 cm	(Jumbo foto alleen)	R14
15 x 20 cm	(Foto alleen)	R28
15 x 20 cm	(Foto met name gemonteer)	R65

Die laaste bestellings moet op Maandag, 22 Oktober ingehandig word.

BELANGRIKE DATUM VIR KALENDER
Wiskunde eksamen vir Graad 4 – 7 word op 19 November 2018 geskryf.

SKOOLFONDS
Let asseblief daarop dat skoolfonds teen einde Oktober 2018 klaar betaal moet wees.

VOORPORTAAL
Baie dankie aan die twee Graad 4 mamma's wat die kennisgewingsbord in die voorportaal so pragtig in pienk versier het, met die "Omgee" tema en kankermaand. Dit lyk besonders pragtig. Nogmaals baie dankie!

NG GEMEENTE GRAAFF-REINET
Die prysuitdeling vind Sondagoggend, 21 Oktober 2018 gedurende die erediens plaas en die afsluitings-funksie vind om 11:30 by die swembad van Union plaas.

SPORT

SWEM
Koshuisouers moet asseblief die vervoer van privaat swemlesse self reël. Op 'n volgende vergadering sal aandag daaraan gegee word.

TENNISWEDSTRYD TEEN LAERSKOOL NIKO BRUMMER
Laer Volkskool het op 15 Oktober 2018 teen Laerskool Niko Brummer van Beaufort-Wes kragte gemeet. Op hulle versoek het ons nr. 5-9 spelers teen hulle nr. 1-5 spelers gespeel Die westryde het getuig van goeie sportmangees en die uitslae is as volg:

Dogters : Enkels	LVS verloor 0-5
Dogters : Dubbels	LVS verloor 0-2
Seuns : Enkels	LVS wen 5-1
Seuns : Dubbels	LVS wen 2-0
Gemeng :	LVS wen 1-0

Laer Volkskool wen 8-7 teen Laerskool Niko Brummer.

Graad 2 en 3 dogters oefen voortaan op 'n Donderdagmiddag vanaf 15:30 tot 16:30 as gevolg van tennisoefening wat op 'n Donderdag oorvleuel.

KRIEKET
o.11 Krieket teen Karel Theron verloor met 8 paaltjies. Teken 83 lopies aan.
o.13 Krieket teen Sunridge verloor met 9 paaltjies en teen Karel Theron verloor ons met 7 paaltjies.
JJ Theron neem 3 paaltjies.
o.9 Krieket teen Karel Theron – LVS wen met 27 lopies.

KRIEKET TEEN UNION
o.9 Speel gelykop met 41 lopies elk.
o.11 Verloor met 9 paaltjies.
o.13 Verloor met 63 lopies.
Gideon Becker neem 4 paaltjies.

BELANGRIKE DATUM VIR DIE KALENDER
Krieket teen Niko Brummer op 31 Oktober 2018 sal op 5 November gespeel word.

PERDRY
Marli Fourie en Tiaan Fourie het 11 tot 13 Oktober 2018 aan die Upington Noord-Kaap Streekskou gaan deelneem. Hulle uitslae is as volg:

Marli Fourie
3de in die Stap/Draf Ryperd en ruiter 8 jaar en onder.

Tiaan Fourie
2de in die 3 Gang Plesierperd ruiter 14 jaar en onder.
2de in die 3 Gang Plesierperd Ruiterkuns 14 jaar en onder.

Hulle het ook gedurende die vakansie aan die Uniondale Saalperd Streekskou deelgeneem. Marli het eerste gekom in beide die Kinderryperd en ruiter 8 jaar en onder. Tiaan het tweede en vierde gekom in die Plesierperd ruiter 18 jaar en onder.

Marli en Tiaan gaan die 26ste Oktober 2018 aan die volgende kompetisie in Cradock deelneem.

Baie geluk en sterkte aan die twee leerlinge.

TWEEKAMP
OP Tweekamp kom Graaff-Reinet toe! Hierdie is 'n fantastiese geleentheid vir enige belangstellendes om deel te neem en te kyk of hulle van die sport hou.

Tweekamp bestaan uit twee sporte naamlik hardloop en swem. As jy 2 keer om die baan kan hardloop en twee lengtes kan swem dank an jy tweekamp!

Die datum is die 10de November en sal die Saterdagoggend 9:00 begin en so 13:00 klaarmaak. Daar sal 'n snoepie wees, lekker musiek, chip 'n dip, en baie pret! Inskrywings is 'n baie spesiale prys van slegs R30 vir Karoo kinders vir hierdie dag.

Kom ons kyk of Volkskool die meeste deelnemers kan inskryf. Bring jou ouers saam en laat hulle hul drafskoene aantrek, want volwassenes kan ook deelneem. Vir enige verdere navrae skakel Corlé by 082 082 2948.

OP LIGA BYEENKOMS NO.2 : 15 SEPTEMBER 2018

Naam	Ouderdom	Tyd: Hardloop	Tyd: Swem	Posisie	Totale Punte
Frederick de Klerk	S/9	03:28.77	00:53.09	4	1911.71
Carlien Oosthuizen	D/9	03:42.45	00:47.91	3	2001.19

Na afloop van die byeenkoms is Carlien verkies om die OP A- span en Frederick die OP B- span by die Suid- Vrystaat Interprovinsiale byeenkoms in Bloemfontein op 29 september 2018 te verteenwoordig. Carlien neem aan die byeenkoms deel en behaal ‘n derde plek. Sy verdien ook haar half- erekleure vir haar deelname in die OP A- span aan die byeenkoms.

OP LIGA BYEENKOMS NO.3: 10 OKTOBER 2018

Naam	Ouderdom	Tyd: Hardloop	Tyd: Swem	Posisie	Totale Punte
Mia Botha	D/9	03:07.14	00:53.94	3	2081.26
Carlien Oosthuizen	D/9	03:42.20	00:44.84	4	2051.56
Frederick de Klerk	S/9	03:18.97	00:55.43	5	1923.27
Aidan Thiart	S/11	02:46.87	00:41.72	5	2184.13
Francois Naude	S/11	03:20.98	00:50.79	9	1868.46
Jean van Wyngaard	S/11	03:14.38	01:19.38	13	1444.02
Hugo Botha	S/13	04:41.58	01:31.21	6	1845.00
Zak Wolfaardt	S/13	04:51.78	01:37.04	8	1735.70

Na afloop van die byeenkoms is al hierdie atlete opgeneem in onderskeie spanne om aan die OP Interprovinsiale byeenkoms op 20 Oktober 2018 in Port- Elizabeth deel te neem.

Die verkose atlete en die spanne is as volg:

Mia Botha	D/9: OP A- span
Carlien Oosthuizen	D/9: OP A- span
Frederick de Klerk	S/9: OP B- span
Aidan Thiart	S/11: OP A- span
Francois Naude	S/11: OP B- span
Jean van Wyngaard	S/11: Skoolspan - Volkskool
Hugo Botha	S/13: OP B- span
Zak Wolfaardt	S/13: Ontwikkelingspan

Baie geluk aan al die tweekamp atlete wat so goed vaar. Baie dankie aan Corlé Ferreira wat behulpsaam is met die afrigting van die atlete en baie van die logistieke beplanning doen.

KULTUUR

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat half-erekleure vir Kultuur verwerf het:
Monique Nell, Xander Keyser, Freddie van der Mescht en Nicolene Bezuidenhout.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

God het ons vergewe –
Hy leer ons wat liefde is
en vra dat ons ons naaste
sal seën met sy vergifnis.

Spreuke 24:29

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803

'DENIMS & DIAMONDS' -DANS

Die OOV nooi almal uit na ons dans op Vrydag, 26 Oktober. Kaartjies is by Brenda te koop @ R120 pp. Dit sluit 'n braaipak en bykosse in. Elkeen bring sy eie drankies en glase.
Daar sal ook 'n veiling plaasvind op interessante items!

Ouers wat bydraes maak vir die dans, moet asb produkte @ Donderdag, 25 Oktober by die Kewertjie afgee. Byvoorbaat baie dankie daarvoor!

Baie dankie aan Jean Vorster van Foto First wat die plakkate en kaartjies vir die dans gratis vir ons gedruk het. Die OOV waardeer dit baie.